CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Junie 2015

KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Conradt Esterhuysen	ZS1ES	zs1es@bark.org.za
Jan van der Vyver	ZS1VDV	zs1vdv@bark.org.za
Rassie Erasmus	ZS1YT	zs1yt@bark.org.za
David De Kock	ZS1DDK	zs1ddk@bark.org.za
Olivier van Staden	ZS1OLI	zs1oli@bark.org.za
Fabian Palm	ZR1FQ	zr1fq@bark.org.za

Gekoöpteerde Lid

Deon Coetzee	ZR1DE	pib@bark.org.za

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 07H45
Frekwensies: 3670 kHz, 7092 kHz LSB, 145.700 FM & ECHOLINK

WEBWERF **FACEBOOK**

Bark.org.za facebook.com/bolandamateurradioklub

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

Graag herinner ons lede van die klub vergadering op 27 Junie om 11h00 te Ysterplaat Lugmag Basis. Sien aanwysings na die geleentheid op bladsy 5 van CQ Boland.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met E-pos gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

Redaksie epos: zr1fq@bark.org.za

VAN DIE VOORSITTER

Ek sien uit om u weer te sien by BARK se algemene jaarvergadering te Ysterplaat op Saterdag, 27 Junie 2015. Die vergadering gaan die vorm van ‘n aansitete aanneem teen R70 per kop. Besprekings moet gemaak word by die klub sekretaris, David ZS1DDK, en u kan sommer die betaling tesame met u ledegeld (R100.00) in die BARK rekening inbetaal. Betalings sal ook by die vergadering ontvang word. Let asseblief dat u verantwoordelik sal wees vir gelde as u bespreek.

By die AJV moet die nuwe bestuur van BARK verkies word. Nominasies moet skriftelik gedoen word en die nodige vorm is by David ZS1DDK beskikbaar. Daar sal ook ‘n geleentheid by die vergadering wees om nominasies in te dien. Stel u asseblief beskikbaar om te help met die bestuur van BARK.

Ek maak van die geleentheid gebruik om die lede wie die afgelope jaar op die komitee gedien het te bedank vir hulle bydrae en bereidwilligheid om op die bestuur te dien.

Baie geluk aan al die kandidate wie die RAE in Mei geskryf het. Dankie ook aan Karl, ZS1KC wie weereens die klasse aangebied het.

Gedurende Augustus is dit weer ‘Internasionale Vuurtorings op die Lug’. As alles volgens plan verloop sal BARK drie stasies vir hierdie geleentheid op die lug plaas.

Onthou dat u op hoogte kan bly deur BARK se Facebook blad of die webwerf http://bark.org.za te besoek.

Conradt, ZS1ES

BARK ERELEDE

ERELID	AANGESL	ROEPSEIN	NAAM
ERE	1951	ZS1OE	LOUIS
ERE	1954	ZS1SK	HENNIE
ERE	1961	ZS1WZ	HANS
ERE	1962	ZS1AK	SMITTIE
ERE	1963	ZS1ZE	JOHAN
ERE	1984	ZS1AAZ	HENRY
ERE	1984	ZS1YT	RASSIE
ERE	1991	ZS1KC	KARL
ERE	1996	ZS1RX	JOHAN
ERE	1997	ZS1OLI	OLIVIER

Lede in geel is al meer as 50 Jaar lid van Boland Amateur Radio Klub

ALGEMENE JAAR VERGADERING YSTERPLAAT SATERDAG 27 Junie 2015

Soos reeds vir u voorgehou, sal daar 'n formele ete met afloop van die AJV aangebied word. 'n Kontantkroeg, sal ook beskikbaar wees.

Ons sal dit hoog opprys stel, indien u teenwoordigheid aan ons sekretaris sal bevestig, asook die hoeveelheid persone bywonend; vir spysenierings-doeleindes.Die koste beloop R70 p/p.

Ons bedank u vir u vriendelike samewerking.

DAVID DE KOCK
ZS1DDK

Aanwysings na die geleentheid:



HERHALER SAKE

Indien u ook weekliks die Wes- Kaap herhaler verslag wil ontvang, stuur net ‘n e-pos aan Rassie Erasmus by rassiezs1yt@gmail.com. Hy sal reël dat jou adres bygewerk word op die verspreidingslys. Die huidige stand van die herhalers word ook gereeld op BARK se Facebook blad gepubliseer.

Indien u ook ‘n donasie aan die herhalerfonds wil maak kan u dit direk in die herhalerfonds rekening inbetaal. Stuur ‘n e-pos aan een van BARK se komiteelede om die bankbesonderhede te bekom.

Lidmaatskap van BARK is nou hernubaar. Die bedrag is R100 vir gewone lede en R50 vir studente en skoliere.

Betalings moet direk in BARK se rekening deponeer word en jou roepsein moet gebruik word as verwysing.

HOE SLUIT EK BY BARK AAN? HOE HERNU EK MY LIDMAATSKAP?

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Ledegeld kan ook tydens ledevergaderings aan die tesourier, Rassie Erasmus, besorg word. Ledegeld is jaarliks betaalbaar gedurende Julie maand. Ledegeld vir 'n gewone lid is R100.00 en vir 'n skolier of student R50.00

Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA

Tak kode: Internet – 632005 Toonbank – 334312

Rekening: 042 9720 974

BARK BULLETINS

BARK se bulletin word elke Sondag oggend om 07H45 uitgesaai op verskeie frekwensies. Die verskillende frekwensies is gelys bo-aan bladsy 2 van CQ Boland.

BARK is altyd opsoek na nuwe stemme om die lees van die bulletins te behartig.
Indien u belangstel om 'n bulletin te lees en/of op te stel, stuur gerus 'n epos aan enige van die komitee lede.

INTERESSANTE INTERNET ARTIKEL

Tracking spacecraft: NZ's only civilian space facility

Halfway between Invercargill and Bluff stands a small blue building surrounded by paddocks and dairy cows.

Remarkable as it might seem, this is the home of New Zealand's only civilian space facility.

The Awarua tracking station allows technicians using a moderately-sized satellite dish outside and $NZ2 million-$NZ3 million worth of sophisticated equipment inside to track spacecraft.

Its location and its relative isolation from an urban centre are the reasons it exists; Awarua has a high latitude, low horizons and lack of radio interference.

It is what is known in the industry as a "fly-away" station, standing empty for most of the year until it is needed. When that time arrives, telemetry technicians fly in with about 3.2 tonnes of equipment in sturdy aluminium crates, set up for the job they have been contracted to do for the European Space Agency (ESA), then pack up and fly out again.

South Africans Herman Steenkamp and Leon Korkie have been in Southland on and off since March on their fourth ESA contract.

They have been joined this time by Gilles Sonny, a technician from French Guiana, in South America.

Months of preparation will come down to a few hours of intensive work tomorrow.

Weather and technical conditions permitting, an unmanned booster rocket carrying an automated transfer vehicle (ATV) will blast off from the ESA's International Space Port at Kourou, French Guiana, just before 10am New Zealand time.

About an hour later, when the booster and its payload are about 300km above the earth, the launcher should separate from the ATV - right above Awarua.

It will be a short, once-only journey for the multimillion-dollar booster. Moments after the separation, rockets will be fired at it to ensure it tumbles back into the earth's atmosphere and burns up.

The ATV will carry on to the International Space Station with more than seven tonnes of equipment, water, air and food. It will also carry fuel and once docked to the station - which it achieves automatically with an accuracy of 1.5cm - will be fired up to push the station further into space so it can maintain its orbit.

Mr Steenkamp and Mr Korkie will track the craft to record the separation and the booster tumbling back to Earth. They will send their data to Mr Sonny, who will stay in touch with two ESA control centres.

The separation and deorbiting will be all over in about 10 minutes, but the technicians will also have to track the booster's second pass later in the day.

They have spent many hours calibrating their equipment and carrying out "dress rehearsals" by test-tracking commercial satellites.

Tomorrow, their day will start about 2am with several simulations of the booster's planned trajectory. Their station has mains electricity but they will switch to a generator in case of a power cut.

"There is no second chance," Mr Korkie said.

The Awarua station is one of six across the globe which will track the launch.

Telemetry is the science and technology of automatic measurement and the sending of data by wire, radio, or electronic means from remote sources.

For Mr Steenkamp and Mr Korkie, 20-year telemetry veterans, tracking space craft is a "sideshow" to their main job - collecting data from flights at the Denel Overberg aircraft and weapons systems testing facility in South Africa.

Since 2000, their spacecraft tracking work has taken them to several locations including Namibia and Ghana.

They first came to Southland in 2007 when the Awarua tracking station was being set up and have returned almost every year since to track an ATV launch.

They said they enjoyed Southland.

"We love the place to bits. It is a fantastic place. It is first-world. And everything is clean," Mr Korkie said.

"Friendly people, beautiful countryside. Everything works, and if we have a problem with anything someone can fix it up for us like that," Mr Steenkamp said, snapping his fingers.

"We are always telling Southlanders they should appreciate what they've got."

- Otago Daily Times

By Allison Rudd

The telemetry technicians working at the Awarua tracking station, Herman Steenkamp (left) and Leon Korkie (centre) of South Africa, and Gilles Sonny, of French Guiana. Photo / Supplied

OPVOLG OP ZS1PR GOUGH EILAND ARTIKEL CQ NOVEMBER 2014

In die CQ Boland van November 2014 het die stuk verskyn oor my tyd op Gough eiland. Daar noem ek van die posseël waarop van my antennes verskyn.

Ek was onlangs op 'n 14 dae reis na ZS6 en ZS5.

Aan die Suidekant van Louis Trichardt in Limpopo is 'n klein winkelsentrum. In die gang is daar 'n stalletjie wat tweedehandse boeke verhandel. Nadat ek by die OK 'n boek gekoop het wat uit druk is en wat ek al lank soek, merk ek op dat hy 'n skoendoos met eerstedag-koeverte het.

Toe ek daardeur kyk vind ek twee splinternuwe koeverte wat in Januarie 1983 uitgereik is oor "weerstasies" met onder andere seëls van Gough eiland en Marion eiland basisse op soos dit daardie jare gelyk het asook die seël met "my" antennes op. Nodeloos om te sê het ek albei koeverte net daar gekoop!

Ek heg 'n beeld van die koevert sowel as die beskrywing op die agterkant aan.

73,

Ean Retief ZS1PR



Voorkant van Poskaart



SOUTH AFRICAN WEATHER STATIONS

ced by weather conditions within and reful observation of these conditions, r air, forms the basis of meteorology. r Bureau in Pretoria, where weather- computer, thousands of weather re- ved daily from all over the southern cessed before weather forecasts are viation, shipping and other concerns.

ions are situated right through South supplying the Weather Bureau with e day. However, it is mainly weather thern Atlantic and Indian Oceans and that cause significant changes in the these extensive surrounding oceans, s rarely move in those areas in which d.

Gough Island, situated 40° Sou weather base area is leased to than Marion, but also rises fr same rough and rocky shore about 11,5 °C, causing slopes grasses, bushes and ferns. Go gulls, storm petrels and peng occur.

Since the beginning of 1960 S South and 2½° West on the ice time such a base is completely lation shafts and heated, there even during snowstorms. The ture during the summer mont sun at all in winter. The base is African National Antarctic Expe

Agterkant van Poskaart

NOMINASIE VAN BARK KOMITEE LEDE EN BARK GRONDWET

By die AJV van BARK moet daar natuurlik weer ‘n nuwe komitee verkies word.

Nominasies kan nou reeds gemaak word, maar daar sal ook geleentheid by die vergadering wees vir die indien van nominasies.

Nominasies moet skriftelik gedoen word en die nodige vormpie is by David ZS1DDK beskikbaar. Dink solank aan wie u wil nomineer en klaar dit ook uit met die persoon dat hy/sy wel bereid is om op die komitee te dien.

Mosies vir die verandering van BARK se grondwet moet ook ingedien word indien daar enige is.

AMATEUR RADIO NEWS LINE

Amateur Radio News Line word Maandag aande om 19h30 deur André ZS1F uitgesaai op die 145.700 herhaler. Moenie hierdie uitsendings misloop nie.

UIT MY KAMP KOMBUIS *deur André Ellis ZU1KOK*

Romerige Wildsbredie

Bestandele:

- 2kg wildsboud ontbeen en in blokkies gesny
- 250ml gegeurde meel
- 45ml olie
- 45ml botter
- 250g spekvleis in stukkies gesny
- 2 groot uie grof gekap
- 4 knoffelhuisies fyn gekap
- 500ml beesvleis aftreksel
- 10 klein aartappels gehalveer
- 250ml port
- 2 lourierblare
- 2 takkies vars roosmaryn
- 250g sampioene grof gekap
- 250ml suurroom
- vars pietersielie, vars gerasperde suurlemoenskil en sout en peper na smaak

Metode:

- Druk die vleisblokkies droog en rol in gegeurde meel
- Verhit olie en botter saam in ‘n pot en braai vleis daarin tot bruin
- Skep die vleis uit en hou eenkant
- Braai die spek, uie en knoffel in orige olie en botter tot uie sag is
- Plaas die vleisblokkies terug en voeg die aftreksel by en verhit tot kookpunt
- Bedek en prut vir ongeveer 1 ½ uur of tot vleis sag is
- Voeg die aartappels, port, lourierblare, en roosmaryn by en prut oop vir nog 30 – 45 minute
- Voeg die sampioene by en prut tot gaar
- Roer die suurroom, pietersielie, suurlemoenskil, sout en peper by
- Sit voor op rys, stampmielies of krummelpap

Van:

BOLAND AMATEUR RADIO KLUB